



Conquesta 2014

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika



Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074

E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com



Skeppende Kunste (Lewensvaardighede 2) – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood deur **SLEGS** 'n **swart of blou balpunt- of swart kokipen** te gebruik. (Gebruik asseblief nie potlode, kleurpotlode, glimpenne, tippex of gom nie.) Byvoorbeeld, as die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood. (Sien voorbeeld 1 hieronder.) Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word (Sien voorbeeld 2 hieronder.)



Lees die teks regs om vrae 1 – 4 te beantwoord.

Die Graad 4 leerders gaan poppekasvertonings hou. Daar is vyf stappe wat hulle moet volg:

Stap 1: Kies die teks:

Saartjie se groep het 'n teks gekies wat die volgende karakters insluit:

- Robot die boelie wat gemeen lyk.
- Bennie wat ongemaklik is oor sy voorkoms.
- Juffrou Pen wat stroopsoet is.
- Mnr. Stander die skoolhoof wat altyd ernstig lyk.



Die les wat hulle wil oordra, is dat dit nie lonend is om te boelie nie.

1. Wat is die tema van die poppeteater?

- Onderwysers is daar om jou te help.
- Om te boelie is verkeerd.
- Dit is nie die moeite werd om 'n sissie te wees nie.
- Onderwysers weet altyd wat aangaan.



2. Wat skyn Robot se probleem met Bennie te wees?

- Hy is afgunstig op Bennie.
- Bennie terg vir Robot.
- Bennie kompeteer met Robot.
- Hy hou van Bennie.

3. Kyk na die teks. Hoeveel kinders is daar in Saartjie se groep?

- drie
- vier
- vyf
- ses

4. Wat is die werk van die verteller?

- Om een van die akteurs te wees.
- Om as beoordelaar op te tree.
- Om die storie te vertel.
- Om die akteurs te sê wat om te doen.

Verteller:

Elke dag as Bennie skool toe gaan is hy bang en tranerig. Hy sou eerder by die huis wou bly, want Robot die skoolboelie wag hom in.

Bennie:

O nee! Daar wag hy alweer vir my. Ek wens ek kon vandag by die huis gebly het.

Robot:

Bennie! Wat gaan aan? Hoekom lyk jy altyd soos 'n sissie? Is jy met stomheid geslaan?

Verteller:

Juffrou Pen verdink Robot al vir 'n lang tyd en sy het gesien dat Bennie se skoolwerk agteruitgaan. Sy is in haar klaskamer en hoor Robot. Sy roep Robot eenkant.

Juffrou Pen:

Wat gaan aan Robot?

Robot:

Niks, Juffrou.

Juffrou Pen:

Ek het gehoor wat jy vir Bennie sê en ek is vertel dat hierdie 'n daaglikse gebeurtenis is.

Robot:

Wel, hy terg my. Hy kyk snaaks na my. Hy het beter klere as ek en hy behaal beter punte as ek.



Stap 2: Maak poppe:



Die kinders gaan poppe uit sokkies maak.

5. Wat sou die beste tipe sokkie wees om te gebruik?

- 'n Ou, skoon sokkie.
- Een met gate in.
- Een wat maklik uitrafel.
- 'n Dun sokkie.

Pas die prente (a) – (d) in die blokkies regs, by vrae 6 – 9.

6. Watter sokkie sou die karakter van Juffrou Pen pas?

7. Watter sokkie sou die karakter van Bennie pas?

8. Watter sokkie sou die karakter van Robot pas?

9. Watter sokkie sou die karakter van mnr. Stander pas?

